higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN220**(A)**(N8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N5

(6030165)

8 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Die tydsduur van die vraestel sluit die druk van antwoorde in.

5. Gebruik dieselfde font en fontgrootte vir die hele dokument, behalwe waar anders aangedui.

6. Dit is jou verantwoordelikheid om werk gereeld te stoor om verlies van ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom. GEEN bykomende tyd word toegelaat om verlore werk te voltooi nie. GEEN flitsskyf (*flash drive*) mag in die eksamenlokaal ingeneem word nie.

7. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerdefek sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal bykomend toegelaat word.

8. Die EKSAMENNOMMER en die SENTRUMNOMMER moet op die buiteblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf word en die sagtewareweergawe moet aan die bokant van die omslag aangedui word, byvoorbeeld MS Office 2010.

9. Die VRAAGNOMMER en die EKSAMENNOMMER moet op elke DRUKSTUK verskyn soos aangedui.

10. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS is NIE aanvaarbaar nie.

11. Punte sal NIE toegeken word vir enige DRUKSTUKKE sonder 'n EKSAMENNOMMER nie.

12. Gebruik geskikte toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

13. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

14. 'n Speltoetser mag gebruik word.

15. GEEN studiemateriaal (aantekeninge, handboeke of inligtingstukke) mag in die eksamenlokaal ingeneem word nie.

16. Gee die volgende aan die einde van die eksamensessie in:

    16.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat gemerk moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

    16.2 Die kompakte disket/geheuestokkie waarop jou werk gestoor is, behoorlik gemerk met jou EKSAMENNOMMER. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet toesighouer(s) die werk kopieer na 'n kompakte disket/geheuestokkie en dit dan dadelik verwyder vanaf die hardeskyf/netwerk. Kandidate se antwoorde moet bewaar word vir ten minste 6 MAANDE.

    16.3 ALLE ander DRUKSTUKKE. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die lokaal geneem word of in vullishouers geplaas word nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

Beantwoord VRAAG 1 en VRAAG 2 op die ANTWOORDBLAD en gee dit in saam met die DRUKSTUKKE in jou ESAMENOMSLAG.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.1 Die … sagteware waarsku die gebruiker wanneer 'n virus op die rekenaar bespeur word.

A toepassing-
B aktiwiteit
C antivirus
D toegang

1.2 'n … is 'n kleiner en geslote weergawe van die Internet en kan net deur gemagtigde lede van die organisasie gebruik word.

A Intranet
B Netwerk
C Ekstranet
D E-pos

1.3 EEN van die volgende items is NIE 'n voorbeeld van 'n toevoertoestel (*input device*) nie:

A Mikrofoon
B Sleutelbord
C Raakskerm
D Drukker

1.4 Om 'n rekenaar elke dag aan te skakel om te begin werk word … genoem.

A warm selflaai (*hot boot*)
B koue selflaai (*cold boot*)
C herbegin (*restart*)
D herroep (*retrieve*)

1.5 Om die werkverrigting (*performance*) van 'n rekenaar te verhoog moet die grootte van die ... vermeerder word.

A LAG (*ROM*)
B *RUM*
C ETG (*RAM*)
D KPI (*RPI*)

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

2.1 Die tabel in possaamvoeging (*mail merge*) word die (databron/ hoofdokument) genoem.

2.2 (PowerPoint/Access) is 'n toepassingsprogram wat verskillende skyfies (*slides*) in 'n aanbieding gebruik.

2.3 (Skype/Facebook) is 'n aanlynmedium waardeur 'n mens met video- of stemoproepe met iemand in 'n ander wêrelddeel kan kommunikeer.

2.4 As die gebruiker nie 'n stelling (*setting*) spesifiseer nie, gebruik die program die (verstek-/oorspronklike) stelling (*default/original setting*).

2.5 Die instruksie (*command*) (absolute sel/selstasie) word gebruik wanneer dieselfde berekening in 'n sigbladprogram gedoen word.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Die lêerstruktuur hier onder is deur die lektor geskep en op jou disket/hardeskyf gestoor.

Doen die volgende vrae op die rekenaar. Voeg jou EKSAMENNOMMER links en die VRAAGNOMMER regs in as kopskrif (*header*). Maak 'n DRUKSTUK en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.



Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

3.1 3.1.1 Skep die lêergids (*folder*) RIO DE JANEIRO.

3.1.2 Skuif albei lêergidse (*folders*) OLIMPIESE SPELE en PARALIMPIESE SPELE na die RIO DE JANEIRO-lêergids.

3.1.3 Kopieer die lêer (*file*) TENNIS na die PARALIMPIESE SPELE-lêergids.

3.1.4 Verander die naam van die lêer TENNIS na ROLSTOELTENNIS in die PARALIMPIESE SPELE-lêergids.

3.1.5 Skep 'n Excel-lêer BOOGSKIET in die PARALIMPIESE SPELE-lêergids.

3.1.6 Sorteer die inhoud van die PARALIMPIESE SPELE-lêergids in dalende volgorde volgens die name van die lêers.

3.1.7 Vertoon die inhoud van die PARALIMPIESE SPELE-lêergids. Maak 'n skermdruk (*print screen*) van hierdie instruksies. Maak seker dat die kopskrif korrek is.

(7 × 1) (7)

3.2 3.2.1 Skep 'n sublêergids (*subfolder*) GIMNASTIEK in die PARALIMPIESE SPELE-lêergids.

3.2.2 Vertoon die inhoud van die sublêergids GIMNASTIEK. Maak 'n skermdruk (*print screen*) van hierdie instruksies. Maak seker dat die kopskrif korrek is.

(2 × 1) (2)

3.3 3.3.1 Skep 'n PowerPoint-lêer RUGBY in die OLIMPIESE SPELE-lêergids.

3.3.2 Skep 'n Access-lêer VLUGBAL in die OLIMPIESE SPELE-lêergids.

3.3.3 Hernoem die lêer ATLETIEK in die OLIMPIESE SPELE-lêergids na STOEI.

3.3.4 Skrap (*Delete*) die lêer ROEI uit die OLIMPIESE SPELE-lêergids.

3.3.5 Skuif die sublêergids GIMNASTIEK uit die PARALIMPIESE SPELE-lêergids na die OLIMPIESE SPELE-lêergids.

3.3.6 Vertoon die inhoud van die OLIMPIESE SPELE-lêergids. Maak 'n skermdruk (*print screen*) van hierdie instruksies. Maak seker dat die kopskrif korrek is.

(6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

3.4 3.4.1 Verander die eienskap (*attribute*) van die STOEI-lêer in die OLIMPIESE SPELE-lêergids na leesalleen (*read only*).

3.4.2 Maak 'n skermdruk (*print screen*) van hierdie instruksies. Maak seker dat die kopskrif korrek is.

(2 × 1) (2)

3.5 3.5.1 Vertoon die bedryfstelsel (*operating system*) wat die kollege gebruik asook die beskikbare geheue. (2)

3.5.2 Maak 'n skermdruk (*print screen*) van hierdie instruksies. Maak seker dat die kopskrif korrek is. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4B

Hierdie dokument is reeds as VRAAG 4A op jou disket/hardeskyf as VRAAG 4A ingesleutel.

4.1 Herwin die dokument gestoor as VRAAG 4A.

4.2 Redigeer hierdie dokument volgens die instruksies hier onder en soos aangedui in die teks op die volgende bladsye.

4.3 Voeg 'n kopskrif (*header*) in met jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 4B in hoofletters (regs). Gebruik dieselfde font en fontgrootte as in die res van die dokument.

4.4 Die dokument moet gejusteer wees.

4.5 Gebruik die woordbrekingsfunksie (*hyphenation function*) dwarsdeur om groot spasies te voorkom.

4.6 Verander die kantruimte bo en onder na 1.27 cm/0.5".

4.7 Voeg die volgende voetnota in hoofletters in waar aangedui in die teks:

BYSTANDSELFDOOD

4.8 Nommer die reëls in die paragraaf wat begin met "Ek het ..." en eindig met "gesê.", begin met 5.

4.9 Voeg bladsynommers in die middel onderaan al die bladsye in.

4.10 Voeg die volgende eindnota in aanvangshoofletter (*sentence case*) en vetdruk in waar aangedui in die teks:

My Olimpiese Droom

4.11 Soek die woord 'genadedood' en vervang dit met 'genadedood' in hoofletters, vetdruk en onderstreep.

4.12 Stoor die dokument as VRAAG 4B.

4.13 Druk die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4B (VERVOLG)

Λ Paralimpiër gereed vir genadedood – maar nie nou al nie **bk, vetdruk, sentreer**

Voeg voetnota in

Rio de Janeiro – Die Belgiese paralimpiër Marieke Vervoort wat die wêreld geskok en bedroef het met haar openbaring dat sy genadedood gekies het, sê sy is nie nou al gereed om dood te gaan nie.

Vervoort het Sondag in Rio gesê sy oorweeg steeds genadedood om te ontsnap aan 'n lewe van ondraaglike fisieke pyn – maar net nie nou al nie.

'n Silwermedalje Saterdag in die 400 m-rystoelwedloop by die Rio Paralimpiese Spele het gehelp om haar te herinner aan die goeie dinge waarvoor sy tot nou toe gelewe het.

Maar by 'n perskonferensie waar sy die medalje opgehou het en 'n oorwinningsteken gemaak het, het sy ook nugter gepraat oor hoe sy alles dalk kan beëindig.

Skrap

Berigte voor die Paralimpiese Spele dat sy genadedood – wat in België wettig is – net ná die Spele beplan, is verkeerd, het Vervoort gesê.

Dit is wel steeds moontlik.

Nommer reëls, begin met 5

Lyding **bk, kursief, onderstreep**

"Ek het genadedooddokumente gekry, maar ek geniet steeds elke oomblik. Wanneer ek uiteindelik meer slegte dae as goeie dae het, het ek reeds die genadedooddokumente, maar dit is nog nie tyd daarvoor nie," het sy aan joernaliste gesê.

Sy het bevestig dat hierdie haar laaste kompetisie is en dat sy die dokumente vir genadedood reeds in 2008 onderteken het.

Vervoort (37) ly aan 'n aftakelende spiersiekte wat voortdurende pyn en verlamming in haar bene veroorsaak sodat sy feitlik nie kan slaap nie. Sy was slegs 14 toe die siekte gediagnoseer is en haar lewe het geleidelik 'n marteling geword.

Sy het in 2012 by die Londense Spele 'n goue medalje in die 100 m en 'n silwermedalje in die 200 m gewen en haar silwer in Rio span die kroon op 'n voortreflike loopbaan in 'n sport wat sy liefhet.

Nou gaan sy probeer om haar lewe van die baan af te geniet, maar genadedood sal altyd daar wees as 'n keuse wanneer die pyn uiteindelik te erg word.

Bladsybreuk

***Voeg tabel hier in**

ǂ

Vorentoe **bk, kursief, onderstreep**

VRAAG 4B (VERVOLG)

Kolom 1 links

"Wanneer ek ophou ná die Paralimpiese Spele, gaan ek elke oomblik van my lewe geniet en ek gaan meer aandag aan my familie en vriende bestee, wat ek nie kon doen terwyl ek ernstig aan sport deelgeneem het nie omdat ek elke dag moes oefen," het sy gesê.

Vervoort het haar fisieke toestand as 'n nimmereindige stryd beskryf en gesê haar sig is "baie swak. Ek het net 20 persent sig en ek kry baie epileptiese aanvalle. Wat kom volgende?"

Kolom 2 regs

Dat sy wettig genadedood kan kry, het haar die moed gegee om so lank aan te hou, sê sy. Ironies genoeg het hierdie talentvolle sportvrou 'n soort woordvoerder vir die omstrede onderwerp geword.

Vervoort sê genadedood moet nie as moord bestempel word nie. Dit gee mense 'n gevoel van gerustheid, het sy gesê.

"Ek dink as ek nie die genadedooddokumente gehad het nie, sou ek lankal selfdood toegepas het omdat dit baie moeilik is om met soveel pyn en swaarkry en hierdie onsekerheid te leef."

"Ek weet wanneer ek genoeg gehad het, het ek die dokumente," het sy bygevoeg.

Voeg tabel in soos aangedui

Voeg eindnota in

Vervoort medaljes gewen **bk, vetdruk, onderstreep, sentreer**		
Goud	Silwer	Brons
1 – 2012	1 – 2012 1 – 2016	0

Sentreer alle subopskrifte en kursief

[39]

VRAAG 5

Jy is die organiseerder by Golden Heroes en moet uitnodigings aan atlete stuur vir die gala-aand.

VRAAG 5A

1. Gebruik die possaamvoegfunksie om 'n datalêer te skep deur die name en inligting in die tabel hier onder te gebruik.

BRIEWE	NAAM	ADRES	STAD	KODE	KLEUR
BRIEF 1	Wayde van Niekerk	Posbus 342	BLOEMFONTEIN	9300	Rooi
BRIEF 2	Caster Semenya	Posbus 145	PRETORIA	0001	Groen
BRIEF 3	Chad le Clos	Posbus 89	DURBAN	4000	Blou
BRIEF 4	Cecil Africa	Posbus 694	LIME ACRES	VRAAG 5A	Geel
BRIEF 5	Miles Brown	Dovestraat 4	EKSAMENNOMMER	7599	Pers

2. Stoor die dokument as VRAAG 5A en druk dit in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(7)

VRAAG 5B

1. Gebruik die possaamvoegingsfunksie om die briewe aan die lede voor te berei (primêre dokument). Gebruik Courier New 12 pt.

2. Voeg VRAAG 5B (links) in hoofletters en jou EKSAMENNOMMER (regs) as 'n kopskrif in. Gebruik dieselfde font en fontgrootte as in die res van die dokument.

3. Voeg velde in waar aangedui tussen hakies, byvoorbeeld [NAAM].

4. Vetdruk die veldname.

5. Verander die linkerkantruimte van die dokument na 3.81 cm/1.5".

6. Stoor die dokument as VRAAG 5B en druk dit in portretoriëntasie.

7. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B (VERVOLG)

OLIMPIESE EREFUNKSIE **Arial Black 16 pt, bk, vetdruk, sentreer**
‡
10 cm/4" van die kantruimte
Posbus 2451
BLOEMFONTEIN
9300
‡
Voeg vandag se datum in
‡
[ADRES]
[STAD]
[KODE]
‡
Beste [NAAM]
‡
Golden Heroes organiseer 'n erefunksie op 20 November 2018 by die Windmill Casino, Bloemfontein, met BlackByrd as die gaskunstenaars. Die funksie begin om 19:00 in die teater en jy sit by die [KLEUR] tafel.
‡
As 'n gewaardeerde gas wat 'n lang verbintenis met Golden Heroes het, sal jou teenwoordigheid by die funksie op prys gestel word.
‡
Ons wil graag hê jy moet deel wees van die viering van die verhouding tussen ons die afgelope jare.
‡
Ons sien daarna uit om jou daar te ontvang.
‡
Groete
‡
‡
Elize Behr
Organiseerder



(20)

VRAAG 5C

1. Voeg die dokumente van VRAAG 5A en VRAAG 5B in 'n nuwe dokument saam.

2. Verander die kopskrif na VRAAG 5C op al die bladsye van die nuwe dokument.

3. Druk die saamgevoegde briewe slegs vir Semenya en Brown in portretoriëntasie. Stoor die dokument as VRAAG 5C en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

(4)
[31]

TOTAAL AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 6

VRAAG 6B

Hierdie dokument is reeds op jou disket/hardeskyf as VRAAG 6A ingesleutel.

1. Herwin die sigblad VRAAG 6A van jou disket/hardeskyf.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 6B (regs) in hoofletters in as 'n kopskrif. Die font en fontgrootte moet dieselfde as die res van die sigblad wees.

3. Moet NIE die ry- en kolomopskrifte (rande) invoeg nie. Dit is slegs ingevoeg om die korrekte selle wat gebruik moet word aan te dui. Jy sal gepenaliseer word indien die verkeerde selle gebruik word.

4. Voeg horisontale en vertikale lyne in met behulp van die metode waarmee jy bekend is.

5. Voeg die voetskrif 2016 SA SPAN in die middel van die sigblad in, in hoofletters en Arial Black 14 pt.

6. Sorteer die sigblad volgens die SPORT-kolom in stygende volgorde.

7. Vertoon AL die medaljes as heelgetalle.

8. Verstel die kolomwydtes sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas.

9. Stoor die sigblad as VRAAG 6B.

10. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

	A	B	C	D
1	SUID-AFRIKAANSE OLIMPIESE MEDALJES			
2	**Voeg oop reël in**			
3	RIO DE JANEIRO 2016			
4	**Voeg oop reël in**			
5	Sport	Goud	Silwer	Brons
6	Atletiek	8	14	7
7	Boks	6	4	9
8	Swem	6	6	6
9	Tennis	3	2	1
10	Fietsry	1	4	3
11	Roei	1	1	1
12	Skiet	0	1	0
13	Kanovaart	0	0	1
14	Rugby	0	0	1

(13)

VRAAG 6C

1. Herwin VRAAG 6B en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6C.

2. Onderstreep die voetskrif.

3. Bring al die ander veranderinge aan soos in die instruksies en sigblad op die volgende bladsy aangedui is.

4. Voeg formules in waar letters van die alfabet verskyn om die volgende berekeninge te doen:

   A WAARDE PER GOUE MEDALJE
   B WAARDE PER SILWER MEDALJE
   C WAARDE PER BRONS MEDALJE
   D TOTALE WAARDE (SOM van goud, silwer en brons kolomme)
   E HOOGSTE AANTAL GOUE MEDALJES
   F GEMIDDELDE AANTAL SILWER MEDALJES
   G AANTAL SPORTAKTIWITEITE
   H GROOTTOTAAL

5. Kopieer AL die formules na die ander selle soos op die sigblad aangedui.

6. Maak, waar nodig, van absolute seladresse gebruik.

7. Regsbelyn alle syfers.

8. Vertoon WAARDE GOUD:, WAARDE SILWER:, WAARDE BRONS:, WAARDE PER GOUE MEDALJE, WAARDE PER SILWER MEDALJE en WAARDE PER BRONS MEDALJE as geldeenheid met geen desimale.

9. Vertoon HOOGSTE AANTAL GOUE MEDALJES, GEMIDDELD AANTAL SILWER MEDALJES en AANTAL SPORTAKTIWITEITE as heelgetalle.

10. Vertoon TOTALE WAARDE en GROOTTOTAAL as geldeenheid met TWEE desimale.

11. Verstel die kolomwydtes sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas.

12. Stoor die sigblad as VRAAG 6C.

13. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6C (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J
1	SUID-AFRIKAANSE OLIMPIESE MEDALJES **Voeg saam en sentreer**									
2										
3	RIO DE JANEIRO 2016 **Vetduk, linksbelyn**									
4										
5	WAARDE GOUD:	R7 500								
6	WAARDE SILWER:	R5 000								
7	WAARDE BRONS:	R2 500								
8	**Voeg oop reël in**									
9					WAARDE PER MEDALJE					
10	SPORT	GOUD	SILWER	BRONS	GOUD	SILWER	BRONS	TOTALE WAARDE		
11	Atletiek	8	14	7	**A**	**B**	**C**	**D**		
12	Boks	6	4	9						
13	Fietsry	1	4	3						
14	Kanovaart	0	0	1						
15	Roei	1	1	1						
16	Rugby	0	0	1						
17	Skiet	0	1	0						
18	Swem	6	6	6						
19	Tennis	3	2	1						
20	GROOTTOTAAL							**H**		
21	HOOGSTE AANTAL GOUE MEDALJES	**E**								
22	**Voeg oop reël in**									
23	GEMIDDELDE AANTAL SILWER MEDALJES		**F**							
24	**Voeg oop reël in**									
25	AANTAL SPORTAKTIWITEITE			**G**						
26										

Voeg in bk in

Voeg teks in, voeg saam en sentreer

bk, sentreer

Voeg in bk in, vetdruk

(36)

VRAAG 6D

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6D.

2. Vertoon die formules.

3. Verstel die kolomwydtes sodat al die formules leesbaar is.

4. Versteek (*Hide*) kolom A.

5. Stoor die sigblad as VRAAG 6D.

6. Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte. Moet NIE die pas-op-bladsy-funksie gebruik nie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(11)

VRAAG 6E

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C.

2. Voeg die volgende kopskrif in:

   EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 6E (regs) in hoofletters

3. Skep 'n lyngrafiek wat die totale waarde van AL die medaljes vertoon.

4. Voeg die volgende grafiektitels in hoofletters in oor 2 reëls:

   MEDALJEWAARDES
   EKSAMENNOMMER

5. Voorsien geskikte titels vir die X-as en Y-as.

6. Vertoon die verklaring regs van die grafiek.

7. Stoor die grafiek as VRAAG 6E.

8. Druk die grafiek op 'n nuwe bladsy (landskaporiëntasie). Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(6)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6F

1. Herwin die grafiek gestoor as VRAAG 6E.

2. Verander die kopskrif na VRAAG 6F.

3. Verander die lyngrafiek na 'n sirkelgrafiek met data-etikette (*data labels*) en gebruik die opsie *best fit*.

4. GEEN verklaring moet vertoon word nie.

5. Stoor die grafiek as VRAAG 6F.

6. Druk die grafiek op 'n nuwe bladsy (landskaporiëntasie). Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(4)
[70]

TOTAAL AFDELING C: 70

AFDELING D

VRAAG 7

Maak met behulp van 'n databasis 'n opsomming van atlete wat medaljes by die Olimpiese Spele gewen het en ook van die geldwaarde van die medaljes.

Skep 'n databasis en gebruik die lêernaam OLIMPIESE SPELE.

7.1 Skep die volgende strukture:

VELD	TIPE/GROOTTE
NAAM VAN ATLEET	Maksimum van 25 karakters
OLIMPIESE ITEM	Maksimum van 20 karakters
MEDALJES GEWEN	Heelgetal
WAARDE PER MEDALJE	Mag nie R99 999,99 oorskry
WENWAARDE	Mag nie R99 999 oorskry
Voeg jou EKSAMENNOMMER in	Maksimum van 13 karakters

7.2 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die struktuur in portret-oriëntasie. Moet NIE enige eienskappe (*properties*) en indekse (*indexes)* druk nie.

[7]

VRAAG 8

8.1 Skep 'n tabel met die volgende rekords:

NAAM VAN ATLEET	OLIMPIESE ITEM	MEDALJES GEWEN	WAARDE PER MEDALJE	WEN-WAARDE	EKSAMEN-NOMMER
MICHAEL PELPS	SWEM	17	R5 500,00	R93 500	
CAMERON VAN DEN BURG	SWEM	7	R5 000,00	R35 000	
CASTER SEMENYA	ATLETIEK	2	R7 500,00	R15 000	
SUNETTE VILJOEN	ATLETIEK	1	R7 500,00	R7 500	
HENDRI SCHOEMAN	DRIEKAMP	1	R8 500,00	R8 500	
PIETIE NORVAL	TENNIS	1	R4 500,00	R4 500	

8.2 Skrap die rekord van Pietie Norval.

8.3 Sorteer die inhoud van die databasis alfabeties volgens die Olimpiese items.

8.4 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die rekords in landskaporiëntasie.

[13]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Skep 'n verslag met die volgende inligting:

9.1 Gebruik die volgende kolomopskrifte:

NAAM VAN ATLEET	OLIMPIESE ITEM	MEDALJES GEWEN	WAARDE PER MEDALJE	WEN-WAARDE

9.2 Kolomopskrifte moet oor twee reëls wees soos hier bo aangedui.

9.3 Vertoon slegs die rekords van die wenwaarde van meer as R14 000.

9.4 Sleutel die woord GEMIDDELD in aan die einde van die verslag onder die kolom NAAM VAN ATLEET.

9.5 Bepaal die gemiddeld van die wenwaarde en vertoon die antwoord onder die kolom WENWAARDE as geldeenheid met TWEE desimale.

9.6 Voeg jou EKSAMENNOMMER in die middel in as die opskrif van die verslag.

9.7 Stoor en druk die verslag in portretoriëntasie.

[10]

TOTAAL AFDELING D: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

REKENAARPRAKTYK N5

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A (TEORIE)

VRAAG 1

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

1.4 _____

1.5 _____

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

2.5 _____

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou